Towerlantern Fotografie

fotografienuus

November 2025

Gekke en dwase ...
Sluiterspoed: 1/60 sekonde
Lensopening: f2,8
Fokale lengte: 100 mm

Die lente is verby; die somer is hier – en dit bring nuwe foto-vreugdes. Soos altyd, kan ons sê, hou jou oë voortdurend oop vir foto's en tonele om te fotografeer.

En as jy nou regtig sou wonder oor watse "nuwe" tonele, kyk dan uit vir graffiti in jou dorp of stad, soos op die voorbladfoto. Hieroor sal ons verderaan meer te sê hê.

Met hierdie uitgawe van Fotografienuus nader ons nie net die einde van 2025 nie, maar besef ons ook dat 2026 net om die draai lê. En dit beteken die begin van nuwe kursusse. Daaroor gee ons verderaan meer inligting.

Gaan op reis met Towerlantern. Hierdie keer na China, van alle plekke. Geniet hierdie Fotografienuus, ons probeer saam met jou om jou fotografie-lig helder te hou.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.
Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Die voorbladfoto se volledige titel behoort eintlik te wees “Gekke en dwase skryf hul name op deure en glase”. En só is jy dalk ook kindertyd grootgemaak. Tog, deesdæ word so baie dinge met ’n ander waardestelsel as vroeër gemeet, dat baie sake meer aanvaarbaar geword het. En graffiti (van Italiaans, *graffiato*, wat “gekrap” beteken) is een daarvan. Dit het selfs ook die mooi Afrikaanse betiteling “straatkuns” gekry; en dié word geskep deur “straatkunstenaars”.

Wat jou siening oor graffiti ookal mag wees, jy kan dit nie miskyk nie. Eerder as om dit weg te wens of verby te kyk, haal liewers jou kamera uit en gaan op reis om dit af te neem. Onthou net, neem ’n brigade soldate saam, andersins jou groot waghond. Dit mag net wees dat jy onordentlike plekke moet betree. Maak ook ’n punt daarvan om aan te blaai na die foto’s wat Kruger du Preez gestuur het en lees beslis wat hy hieroor te sê het.

Die voorbladfoto is ’n saamgestelde foto, deur *Photomatix* opgebou uit drie afsonderlike foto’s, met die basiese instellings soos gegee by die voorbladfoto. Die lensopening en fokale lengte is deur die fotograaf gekies, en die sluiterspoed is deur die kamera “voorgestel” vir die korrekte beligting.

’n Laaste opmerking hier oor straatkuns: Dié gaan deesdæ baie wyer as bloot net ’n “krappery”. Die foto hierby toon een van ’n reeks panele in Potchefstroom, wat allermins ’n krappery is. Trouens, op hierdie muur word die diversiteit van mense aangedui. Interessant ook die persoon in die rystoel.

Met erkenning aan:
Okil Reagan (graffiti-kunstenaar)
Selnommer: 068-224-7612
E-pos: okilartproduct@gmail.com
Werke op muur van Century 21,
Thabo Mbeki-weg, Potchefstroom

WAAR OM TE BEGIN

Dœn die volgende verbeeldingsvlug: Jy, saam met jou liewe kamera, word per helikopter "iewers" afgelaai. Jy mœt foto's gaan neem, maar ken nie die omgewing nie. Die groot vraag wat jy het, is: Waar om te begin met die kamera-instellings?

Hierdie is wel 'n denkbeeldige situasie; maar terug na die werklikheid. En die volgende is geen verbeeldingsvlug nie: Jy, as voornemende fotograaf, leer om jou kamera te bemeester. Jy sit in 'n sitkamer en leer van ISO, lensopening en sluiterspœd. Jy raak deurmekaar, verbouereerd, oorweldigend. Waar om te begin?

Ons leer ons studente dat daar, veralgemeen gesien, slegs vyf foto-situasies is. Enige fototoneel wat jy kan bedink kan in een van hierdie vyf situasies ingedeel word. Die kamera-instellings kan dan volgens hierdie gevalle gedœn word.

Ons deel graag hierdie werkwyse – studente is altyd verheug en verlig as hulle hierdie metode leer; ons hoop jy sal ook so wees.

Die vyf gevalle kan in twee afdelings soos volg saamgevat word:

- Geval 1(a): Die hele onderwerp mœt skerp wees.
- Geval 1(b): Die onderwerp is by die agtergrond en mœt skerp wees.
- Geval 1(c): Die onderwerp mœt uitgesonder word en alleen dit mœt skerp wees.

- Geval 2(a): Die onderwerp beweeg en mœt skerp wees.
- Geval 2(b): Die onderwerp beweeg en mœt wasig wees.

Laat die tabel op die volgende bladsy jou help met die instellings. Vooraf aanvaar ons die volgende:

- ✓ Jou kamera is op die laagste ISO-waarde ingestel, en bly vas.
- ✓ Jou kamera is op M (met-die-hand) ingestel, en bly vas.
- ✓ Jou kamera het 'n ligmeter-"liniaal" en jy weet hœ om dit te gebruik.
- ✓ Jou kamera is stewig gemonteer (op 'n driepoot of ander stut), en bly vas tussen foto's.
- ✓ Jy het 'n toneel voor die kamera en jy kan dit identifiseer as een van die boonste vyf gevalle.

Toneel	Lensopening	Sluiterspoed
Geval 1(a) Die hele onderwerp moet skerp wees. Voorbeeld: Landskap	Stel die lensopening so klein as moontlik, byvoorbeeld f16, f22, f32	Gebruik die liniaal vir die "korrekte" liginstelling
Geval 1(b) Die onderwerp is by agtergrond en moet skerp wees Voorbeeld: Persoon by 'n muur	Stel die lensopening op 'n middelwaarde, byvoorbeeld f8 of f11	Gebruik die liniaal vir die "korrekte" liginstelling
Geval 1(c) Die onderwerp moet uitgesonder word en moet skerp wees Voorbeeld: Skerp blom teen 'n onskerp agtergrond	Stel die lensopening so groot as moontlik, byvoorbeeld f5,6, f4	Gebruik die liniaal vir die "korrekte" liginstelling

Toneel	Sluiterspoed	Lensopening
Geval 2(a) Die onderwerp beweeg en moet skerp wees Voorbeeld: Atleet oor 'n hekkie	Stel die sluiterspoed vinnig, byvoorbeeld 1/100, 1/500, 1/1000 s	Gebruik die liniaal vir die "korrekte" liginstelling
Geval 2(b) Die onderwerp beweeg en moet wasig wees Voorbeeld: Watergolwe	Stel die sluiterspoed stadig, byvoorbeeld 1, 1/2, 1/10 s	Gebruik die liniaal vir die "korrekte" liginstelling

Graffitifotografie tema & wenke

Jy het dalk nog nooit van graffitifotografie gehoor nie – maar dit is die een wonderlike aspek van Afrikaans. Las woorde aanmekaar en jy kry skeppings wat nog nie eens in 'n woordeboek opgeneem is nie.

Soos reeds verduidelik verstaan ons hierdie term wyd, eerder dus, as jy dit so verkies, straatkunsfotografie. En waar jy ook al ry, hou jou oë wyd oop. Straatkuns is 'n saak wat tans baie gœd gebruik word vir die verfraaiing van geboue en om vervalle dorpe weer nuwe blus te gee.

Nuuskierige lœrder, Redelinghuys, Wes-Kaap

Ons gee 'n paar wenke vir die fotografering van straatkuns:

- ✓ Wees op jou hœde – 'n saak wat reeds genœm is (mœt veral nie jou kamerasak alleen laat nie).
- ✓ Besef dat straatkuns meesal twee-dimensioneel is, dus geval 1(b) van die vorige tabel.
- ✓ Dink aan die stand van die son en of die toneel ten beste belig word.
- ✓ Neem 'n reeks foto's, met effense variasie in sluiterspœd, vir 'n beste keuse later.

RIGLYNE VIR GRAFFITIFOTOGRAFIE

VOORAF Dit word vir hierdie aanwysings aanvaar dat jy reg voor, en nie skuins nie, voor 'n muurskildery staan, met jou kamera op 'n driepoot en loodreg ten opsigte van die toneel. Dit word ook aangeneem dat die sonbeligting voldoende is.

TIPE LENS
Enige lens wat wyd genoeg is om die toneel ten volle in te pas.

FORMAAT
Afhangend van die toneel kan dit portret- of landskapformaat wees.

ISO
Omdat dit 'n helder sontoneel is, is die laagste ISO-waarde, naamlik 100, in orde.

WITBALANS
Stel die witbalans op "sonnig" of "bewolk".

FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Kies die middelpunt van die toneel as fokuspunt en doen die fokussering.

LENSOPENING
'n Medium grootte lensopening, sê f11, sal in orde wees.

SLUITERSPOED
Stel die sluiterspoed volgens die liniaal, en varieer soos nodig mag wees.

FYN FOKUSSERING
Kontroleer die fokussering weer – let veral op na fyn detail of teks.

Towerlantern Fotografie
- november 2025 -

TOWERLANTERN-KURSUSSE

BELANGRIKE **NUUS**

Towerlantern Fotografie bied gedurende elke jaar 'n verskeidenheid kursusse aan. Die kursusse volg op mekaar, naamlik

- ✓ 'n eerstevlakkursus vir elkeen wat sy/haar kamera beter wil ken;
- ✓ 'n gevorderde kursus waarin voortgebou word op die kennis van die eerstevlakkursus;
- ✓ 'n spesialiskursus waarin gespesialiseer word op sekere gegewe genres wat vas is, maar wat volgens smaak verander kan word.

Die struktuur van bogenoemde kursusse is só dat hulle op mekaar voortbou. Ons ervaring is dat ons studente so geheg aan hul fotografie – en aan mekaar – raak dat hulle steeds daarna na nog iets soek. Om hierdie rede bied ons ook jaarliks 'n informele kursus aan waarin maandeliks 'n nuwe opdragtema gegee word. As jy sou belangstel kan jy nou reeds vir ons 'n nota stuur sodat ons jou naam op ons lys kan plaas. Towerlantern beskou fotografie as 'n kunsvorm en studente word op die pad van wye denke begelei. Aanvanklik sou 'n voornemende student dus skrik vir 'n opdrag soos "fotografeer meubelpote", maar later is dit nie eens meer vreemd nie.

EERSTEVLAK-FOTOGRAFIEKURSUS

Begindatum: Saterdag 24 Januarie 2026 (8 klasse)
Koste: R1 000, (R500 deposito betaalbaar met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid. 'n Plek is eers vas nadat die deposito betaal is.

GEVORDERDEVLAKKURSUS

Begindatum: Februarie 2026; een klas per maand (8 klasse)
Koste: R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid.

SPESIALISKURSUS

Begindatum: Februarie 2026; een klas per maand (8 klasse)
Koste: R1 000, waarvan 'n deposito van R500 vooraf betaalbaar is met registrasie, en R500 by die eerste klasgeleentheid.

Kontakpersoon en -adres: Johan de Klerk 082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

Towerlantern Fotografie
- november 2025 -

Laatmiddag-straatindrukke

Visuele vreugdes

Hœ werk jou brein? Hœ onthou jy? Onthou jy prente of indrukke? Dit mag wees dat jy wel prente én indrukke stoor, maar mettertyd is dit waarskynlik eerder die indrukke as die prente wat agterbly.

Met foto's kan ons dieselfde dœn. Die meegaande foto wys die indruk, of impressie, van 'n laatmiddag-toneel. Die sonverligte persone is nie van belang nie, bloot die atmosfeer. Hul name is selfs nie bekend nie en hul tœstemming is ook nie gevra nie. Die vreugde van die toneel lê in die agterna-herinnering van die straattoneel.

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

... na die Volksrepubliek China

Anshunbrug, Chengdu, China

Towerlantern Fotografie

- november 2025 -

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

Die Volksrepubliek China is die grootste land volgens oppervlakte in Oos-Asië en die derde of vierde grootste ter wêreld (afhangende van jou siening oor die eiland Taiwan); net Kanada en Rusland is groter.

Om dus te sê, jy gaan China besœk, is amper dieselfde as om te sê jy gaan Afrika besœk. Jy mœt meer spesifiek wees. Soos ons gebruik met hierdie rubriek is, lig ons slegs 'n paar plekke of sake uit wat fotografies gesproke die mœite werd is om te besœk.

As mens kyk na die geografie van die land en hœ gediversifiseerd dit is, begin jy 'n idee kry van die byna oneindige aantal fotomoontlikhede. Die land is bergagtig met hoë plato's, met die Taklamakan- en Gobi-wœstyn in die weste en noordweste, heuwels en vlaktes in die ooste, waardeur die Yangtze- en Geelrivier seewaarts vlœi, en subtropiese woude in die suidooste.

Om nog 'n idee van die grootte van die land te kry, kan genœm word dat dit aan 14 verskillende lande grens, van Afghanistan tot Viëtnam, alfabeties genœm.

Ons stel jou bekend aan enkele sake.

Tœriste-aantreklikhede in China
https://www.youtube.com/watch?-v=zQh_rvvVcps

Towerlantern Fotografie
- november 2025 -

INGENIEURSWERKE

Die term “ingenieurswerke” word hier baie wyd bedœl. Dit kan wissel van œroue bouwerke soos die Groot muur van China, tot moderne geboue en brûe.

Een van die grootste werke is die brug wat hierby vertoon word. Op 28 September 2025 is die Huajiang Grand Canyon-brug in China amptelik geopen. Soos gesien kan word is dit ’n besondere struktuur en dit staan bekend as die wêreld se grootste brug. Dit strek oor ’n baie diep kloof en is byna drie kilometer lank. Om alles te kroon, die brug is in slegs 3 jaar opgerig!

Hierdie brug word vertoon vir sy argitektoniese aantrekkinskrag. Natuurlik is daar baie brûe en hierdie is maar een daarvan. Op ’n heel ander skaal is daar byvoorbeeld die Anshun-brug in ons hooffoto wat ’n ander tipe skoonheid het. Besef egter, hou jou kamera byderhand as jy op reis is en bestudeer voor die tyd genœg verwysings sodat jy jou foto’s kan beplan.

DIE GROOT MUUR VAN CHINA

Jy weet dalk al van kindertyd van die Groot muur van China. Hœ ook al beskou is hierdie bouwerk iets unieks. Al weet jy dalk net van 'n motorfabrikaat met die naam GWM (*Great Wall Motors*), dan wys dit al klaar hœ 'n besondere konstruksie dit is.

Die Groot Muur van China is 'n reeks ou steenmure in China. Van die mure is reeds vanaf die 7de eeu vC gebou. Dit is later versterk en aanmekaar gebou. Die vrœëre bedœling van die mure was om vyandelike nomadiese volkere uit te hou. Die muur strek oor ongeveer 21 200 kilometer en is vyf meter breed en 20 meter hoog.

Vir die fotograaf is die probleem wat en waar om die struktuur af te neem sodat dit nie maar net tipiese reisfoto's is nie. Dœn dus beslis die mœite om vooraf gœd voorbereiding te dœn.

Ten slotte, wat hierdie saak betref: In verlede maand se Fotografienuus het ons verduidelik wat 'n UNESCO-erfenisterrein beteken en behels. Soortgelyk is die Groot Muur van China ook so 'n terrein.

DIE TERRACOTTA-KRYGERS

Die Terracotta-krygers, of -weermag, is 'n versameling van duisende lewensgrootte, en lewensgetroue, terracotta-beelde wat die weermag van die eerste Chinese keiser, Qin Shi Huang, uitbeeld. Die bedœling van die beelde is dat hulle die keiser na sy dood mœs beskerm.

Die Terracotta-krygers is per ongeluk in 1974 naby Xi'an gevind tœ bœre 'n put gegrawe het. Hierdie weermag bestaan uit ongeveer 8 000 soldate, saam met perde en strydwæns.

Die beelde het unieke gesigkenmerke en is oorspronklik in helder kleure geverf. Die konstruksie het in 247vC begin en die bouwerk is deur 'n geraamde 700 000 werkers verrig. Behalwe die 8 000 soldate-beelde is daar verder ook 130 krygswæns met 520 trekperde en nog 150 ruiterperde.

Die Terracotta-krygers se terrein kan besœk word. Maak gebruik van Google en AI vir presiese besonderhede; foto's kan geneem word. Omdat die publiek net op 'n afstand van die beelde mag kom, is 'n zœmlens noodsaaklik – en dalk ook nog 'n driepoot vir skerpte van die gesigsuitdrukkings.

TIANANMEN-PLEIN, BEIJING

The tank man

Die Tiananmen-plein in Beijing is miskien nie die mooiste of aanskoulikste stadsplein in China nie, maar dit is beslis die bekendste wêreldwyd. Die rede hiervoor is die opstande wat daar plaasgevind het in 1989 en op hierdie plein doodgedruk is.

Die Tiananmen-betogings van 1989, of ook gencem die Tiananmen-blœdbad, was 'n studenteprotes wat op die aand van 4 Junie 1989 op die Tiananmen-plein in Beijing tot 'n einde gekom het. Dit was die grootste protes teen die Kommunistiese Party van China en sy instellings sedert die 1949-revolusie.

Ongeveer een miljœn studente en ander burgers het oor hierdie tyd aan die opstande deelgeneem. Die protes is met geweld teengestaan, wat die dood van honderde mense tot gevolg gehad het.

Die foto hierby is geneem deur Jeff Widener van Associated press. Hy was aanvanklik geïrriteerd met die man wat voor die tenks in sy foto gaan staan het. Min het hy geweet dat hierdie foto, wat bekend geword het as The Tank Man, uiteindelik wêreldberœmd sou word!

Die volgende gee 'n beskrywing:
Widener, a photographer with the Associated Press, was focusing his camera on a line of tanks in Beijing's Tiananmen Square when out of the blue came this man in a white shirt and dark trousers, carrying what appeared to be shopping bags.

Widener thought the man was going to mess up the composition of his frame. Little did he know that he was about to make one of the most iconic photos in history.

It was June 5, 1989, a day after Chinese troops began violently cracking down on pro-democracy demonstrators who had been in the square for over a month.
Widener had been in Beijing for a week to cover the protests, and he was hurt when the deadly crackdown began.

Bjarne Holmgren
Looking Up

Vienna, Austria · 2024
tbi.holmgren@gmail.com

BLACK & WHITE FOTO'S

Die tydskrif *Black & White* is 'n besondere tydskrif waarvan elke fotograaf kennis kan neem. Kyk gereeld daarna – ons help en gee maandeliks iets waarna jy kan gaan kyk.

Stel jy belang in argitektuur- en interieurfoto's soos die bygaande foto? Indien wel, volg die volgende pad en kry ver meer as 100 foto's om deur te kyk:

- Gaan na https://www.bandwmag.com/
- Kies **Galleries**
- Gaan dan na **2025 Single Image**
- Sœk **Architecture / Interiors** (dis alfabeties en sal gou gekry word)

Geniet dit!

Towerlantern Fotografie
- november 2025 -

Graffiti
– verlede en hede

Kruger du Preez, Potchefstroom

Graffiti het 'n ryk en komplekse geskiedenis wat terugdateer na antieke beskawings, met voorbeelde wat gevind word in antieke Egipte, Griekeland en Rome, waar mense boodskappe en tekeninge op mure en monumente gegraveer het. In meer onlangse tye het moderne graffiti in die laat 1960's en vroeë 1970's in New York Stad ontstaan, veral onder gemarginaliseerde gemeenskappe, as 'n vorm van selfuitdrukking en sosiale kommentaar.

Vroeë dæ van graffiti

Graffiti het begin as 'n manier vir jongmense om hul identiteit te bevestig en erkenning binne hul gemeenskappe te verkry. Kunstenaars soos TAKI 183 en Cornbread was van die eerstes wat graffiti gewild gemaak het, deur etikette te gebruik om hul teenwoordigheid in stedelike landskappe te merk.

Evolusie en kulturele betekenis

Soos graffiti versprei het, het dit geassosieer geraak met hip-hop-kultuur, en het dit na vore gekom as een van sy vier hoofelemente saam met rap, breakdancing en DJ's. Graffiti het 'n visuele voorstelling van die stryd en aspirasies van stedelike jeug gebied, wat as 'n kragtige medium vir sosiale kommentaar en artistieke uitdrukking gedien het.

Waarom skep mense graffiti?

Mense skep graffiti om verskeie redes, insluitend die volgende:

- Selfuitdrukking: om emosies, idees en ervarings deur kuns oor te dra.
- Sosiale kommentaar: om bewustheid oor sosiale en politieke kwessies te verhoog.
- Rebellie: om hoofstroomkultuur en gesag uit te daag.
- Rœm: om erkenning te verkry en 'n reputasie binne die graffiti-gemeenskap op te bou.
- Vryheid: om jouself vrylik uit te druk sonder sensuur

Word graffiti normaalweg deur kunstenaars gedœn?

Terwyl graffiti dikwels met vandalisme geassosieer word, is baie graffitikunstenaars bekwame en talentvolle individue wat hul kuns gebruik om kragtige boodskappe oor te dra en hulself kreatief uit te druk. Sommige graffitikunstenaars het suksesvol oorgeskakel na hoofstroomkuns en hul werk in galerye en museums ten toon gestel.

Graffiti bly 'n dinamiese en veelsydige kunsvorm wat die ervarings en perspektiewe van diverse gemeenskappe weerspieël. Ten spyte van die dikwels onwettige aard daarvan, bly graffiti 'n belangrike deel van stedelike kultuur, wat 'n platform bied vir selfuitdrukking, sosiale kommentaar en artistieke innovasie.

Towerlantern Fotografie
- november 2025 -

↑ *Graffiti in Potchefstroom is minder polities van aard. Studente wil eerder 'n "cool" of "lekker" boodskap uitstuur.*

→ *Simbole wat eenheid tussen alle rasse bevorder, vind weerklank op die mure. Rugby is 'n groot gemeenskaplike deler, veral dan die Springbokkaptein Kolisi wat die oorwinningsbeker vashou.*

→ *Interessant genœg dien graffiti hier in Potchefstroom soms die geleentheid om morele waardes aan te spreek en te waarsku. Hier is drankmisbruik en bestuur van dronk studente onder die spervuur.*

↓ *Geslagskwessies word ook deur studente aangespreek. Op hierdie oorspronklike tekening word die publiek gevra om "uit die boks" te dink oor die LGBTQ+ gemeenskap.*



↑ *Soms word studente net aangemœdig om vas te byt met die akademie.*



OP INTERNET GESIEN

Brad Walls het aanvanklik belanggestel in die tegnologie van hommeltuie (*drones*), en dit het hom gelei tot fotografie.
Kyk 'n bietjie na sy interessante foto's wat bloot uit 'n ander hœk as die gewone geneem word.
https://mymodernmet.com/brad-walls-passe-ballerina-photographs-interview/

OP INTERNET GESIEN

Die "Minimalist Photography Awards" herinner mens dat eenvoud 'n skoonheid van sy eie het. Hierdie foto van Bruin Feskens het tweede plek behaal in die Skone Kuns-afdeling. Lees hierdie artikel vir meer inligting en ander foto's: https://mymodernmet.com/2025-minimalist-photography-awards-winners/

FOTO-*idees*

Ons plaas maandeliks 5 of 6 foto's in Fotografienuus wat dien as idees vir jou as fotografie-liefhebber om na te dœn. Jy kan jou gewone kamera of selfoonkamera daarvoor gebruik. As jy vœl jy het met so iets gœie sukses behaal, stuur dan gerus van jou foto's vir ons vir plasing in Fotografienuus.

FOTO-*idees*

Idee 1: Gaan verder met ons graffitiidee en sœk in jou omgewing na fotomoontlikhede.

FOTO-idees

Idee 2: Maak gebruik van zœmringdraaiing en skep kunswerke van bekende tonele in jou huis.

Towerlantern Fotografie
- november 2025 -

FOTO-idees

Idee 3: Oorbeligte of onderbeligte foto's kan dramatiese tonele skep. Die foto beeld een so 'n geval uit – volg dit na en skep jou eie kunswerke.

Towerlantern Fotografie
- november 2025 -

FOTO-idees

Idee 4: Sonverligte, uitfokus, waterdruppels kan maklik 'n idilliese, feetjieagtige toneel skep. Volg dit na.

Towerlantern Fotografie

- november 2025 -

FOTO-idees

Idee 5: Daar is geen voorskrif wat sê dat foto's realisties moet wees nie. Jou foto's kan van realisties tot totaal buitewêrelds wees. Die foto hierby gee 'n idee van iets iewers tussenin. Probeer dit!

Mini-galery

Ons gee maandeliks aan ons lesers geleentheid om van hul beste foto's vir publikasie te stuur en om só iets van hul fotografie-lewe met almal te deel. Hiermee word jy uitgenooi om foto's vir ons te stuur.

Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer 500 kB elk. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik toestemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van ongeveer 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

MINI-GALERY VAN
TUANETTE JOHNSTONE, FOCHVILLE

In Petal & Shadow each rose is more than a flower – it is a moment suspended between light and darkness, fragility and strength. Through intimate compositions and moody contrasts, this series invites the quiet drama of nature's unfolding: the blush of a bud, the burn of a bloom, the hush of a fading petal.

These portraits do not shout – they whisper. They speak of time, tenderness, and the beauty found in stillness.

My lens (photography by Uthene-Tuanette) captures not just roses, but the emotional architecture of growth and grace.

Towerlantern Fotografie
- november 2025 -

Tuanette Johnstone

Mini-galery

Tuanette Johnstone

Mini-galery

Tuanette Johnstone

Mini-galery

Tuanette Johnstone

Mini-galery

Tuanette Johnstone

Mini-galery

VERWYSINGS EN BRONNE

Waar om te begin

- ✓ Understanding Exposure, Bryan Peterson, Amphoto Books, 2004, New York

Gaan op reis met Towerlantern ...

- ✓ China: https://af.wikipedia.org/wiki/Volksrepubliek_China#Geografie
- ✓ Anshunbrug: https://www.istockphoto.com/photo/anshun-bridge-at-night-in-chengdu-china-gm1138020975-303668253
- ✓ Brug: https://share.google/TGXOA4TFOIIHDzJn6
- ✓ Muur: https://af.wikipedia.org/wiki/Groot_Muur_van_China
- ✓ Terracotta-krygers: https://www.youtube.com/watch?v=4c_ADqshdSA
- ✓ Plein: https://af.wikipedia.org/wiki/Tiananmen-betogings_van_1989
- ✓ Tank Man: https://edition.cnn.com/interactive/2019/05/world/tiananmen-square-tank-man-cnnphotos/
- ✓ Tank Man: https://share.google/5oKrz3D3Td28j3oUG

ons hoor graag van ons *lesers*

Fotografienuus gee graag aan lesers die geleentheid om hul sê te sê. Dit kan wissel na gelang van wat jy wil sê. Om nog 'n ou Afrikaanse uitdrukking te gebruik: Asseblief mœt net nie bœ of ba sê nie.
Ons wag dus om van ons lesers te hoor.

Baie dankie – dis altyd 'n voorreg om deel van Fotografienuus te wees. Ek bêre hulle noukeurig om in die tyd wat kom rustiger daardeur te kan blaai en te bly leer.

FANIE COETZEE, POTCHEFSTROOM